**WOENSDAG 18 FEBRUARIE**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: MARKUS 10:46-52**

## Jesus verander die blinde Bartimeus en jou lewe van waardeloos na waardevol!

Jesus en sy dissipels vertrek uit Jerigo na Jerusalem vir die Paasfees. Jesus het geweet wat daar in Jerusalem vir Hom wag, sy kruisdood! Langs die pas sit die blinde bedelaar, Bartimeus. Letterlik beteken die naam Bartimeus "seun van Timeus". Die naam "Timeus" beteken weer "highly prized", in Afrikaans moontlik "waardevol". Bartimeus voel waardeloos.

Bartimeus hoor dat Jesus daar verbystap. Bartimeus roep twee keer: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Bartimeus glo alreeds dat Jesus die beloofde Messias is wat gekom het. Jesus laat Bartimeus naderkom en vra: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?" Die blinde antwoord met geloof: "Dat ek kan sien."

Jesus wat die donkerte van die kruisdood tegemoet stap, laat die donkerte van die blinde man verdwyn: "Jy kan maar gaan, jou geloof het jou gered." Bartimeus kan weer sien en sy lewe word meer waardevol.

Wat is daar in jou lewe wat swaar en donker is? Wat laat jou voel jy is waardeloos? Wat maak jou blind vir God se genade? Is jy dalk siek? Is jy dalk te hardkoppig om van ʼn sonde te breek? Is jy dalk die slagoffer van misdaad?

God roep jou nader en Hy vra jou: "Wat kan ek vir jou doen?" Vra vir God: "Help my om my sonde te erken, dat ek daarvan kan breek en dat ek glo U vergewe my." So kan jy oor enigiets na die Here gaan en vra, bid, smeek en om hulp uitroep: "Help my dat ek kan ..." God sal besluit hoe Hy jou help. Glo dat Jesus Christus jou baie waardevol ag en jou meer waardevol maak.

Wees ʼn getuie van God se genade en ʼn lig in ander se donkerte.

*Sing: Skrifberyming 1-1:6*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*